

Gedigte kos vir die siel

Alle liefhebbers van die woordkuns kan binnekort die vyfde jaarlikse Gedigte in McGregor-naweek bywoon wat van 25 tot 27 Augustus gaan plaasvind. Daar sal meer as 90 aanbiedinge op die naweek plaasvind en besoekers kan 'n mengelmoes van bekende asook vars en nuwe jong stemme geniet.

Vanjaar val die fokus op die gedigtekompetisie en is oop vir ongepubliseerde digters. Die tema vir die kompetisie is Poësie as hartskos. Alle inskrywings moet hierdie tema reflekteer.

In die kategorie vir die volwassenes kan die wenner met R5 000 wegstap en in die skole-kategorie wat oop is vir leerders van graad 7 tot 12, kan die wenner 'n iPad losslaan.

Billy Kennedy, eienaar van Temenos en stigter van die Gedigte in McGregor-naweek sê dat gedigte 'n belangrike rol in ons lewens speel. "Ek glo dit is so noodsaaklik soos vars lug. Iemand het eens geskryf dat baie van die geweld en sielkundige probleme in ons samelewing waarskynlik te danke is aan die gebrek aan poësie. Bevooroordeel is altyd eensydig.

"Poësie maak gedagtes oop. Poësie is uitdagend, dit kan ons hervorm en herskep. Dit gee ons dieper insig en bewustheid van mekaar en hoe ons almal in gees verbind is. Dit doen vir die gees wat joga vir die liggaam doen," het hy gesê.

As deel van die naweek gaan die MAC-projek ook 'n dagprogram vir skole op Vrydag 25 Augustus aanbied. Meer as 800 leerlinge van verskeie skole in die omgewing sal die geleentheid bywoon. Die Kaapse kunstenaar Ha Man! sal saam met Joke Debaere 'n konsert van musiek,



Kobus Moolman is een van die digters wat vanjaar te sien is by die Gedigte in McGregor-naweek.

drama en gedigte aanbied. Die Afrikaanse groep Ruk! gaan ook optree.

Daar sal ook weer 'n aanbieding van die Open Mic-sessies wees. Die sessies word deur Hugh Hodge gelei. Enigeen wat graag sy of haar gedigte wil voordra, is welkom. Geen kaartjies of besprekings is nodig vir dié geleentheid nie.

Vir meer inligting oor die gedigtenaweek besoek die webwerf www.poetryinmcgregor.co.za

Skryf in vir kompetisie

Inskrywings vir die gedigte-kompetisie kan per e-pos na mgepoets@gmail.com voor 10 Augustus 2017 gestuur word.

Kaartjies vir die naweek is by Computicket beskikbaar.

Plaaslike skrywer propvol idees

Hilderine Schröder

Willem van Staden is 'n man met 'n ryk verbeelding. Hierdie is immers 'n man wat nie net pas sy eie aksiebelaaide roman, *Skarlaken*, uitgegee het nie, maar boonop ook al 'n hygroman neergepen het.

Van Staden (70) en sy vrou, Sari, is al ou bekendes in Ashton waar hulle al tien jaar woon en ook 'n restaurant in die dorp se hoofstraat bedryf.

Hoewel Van Staden vroeër jare kortverhale vir die eertydse *Die Brandwag* geskryf het, is *Skarlaken* sy eerste vollengte roman.

Die boek handel oor Skarlaken, Suid-Afrika se eie James Bond, wat die taak kry om smokkelnetwerke binne te sypel en die kriminele aan die kaak te stel. Net soos 007 geniet Skarlaken vrye teuels en het hy selfs 'n lisensie om te moor.

Sy idee vir *Skarlaken*, en ook die opvolgboeke waaraan hy reeds werk, kom uit die koerante wat hy elke dag lees, verklap Van Staden. "Die koerante is propvol idees, van dwelms tot mensehandel. Die stories in my kop word net ál meer," sê hy met 'n laggie. Neffens hom lê *Die Burger* oop.

Hy skryf sy hoofstukke en



Willem van Staden Foto: Denique Smith

idees met die hand, vertel hy waar hy agter sy netjiese lessenaar sit – 'n stapeltjie woordeboeke aan die een kant en Die Bybel langs sy linkerhand. Teen die muur tik 'n ou opwenhorlosie. Op die staanklavier pronk foto's van geliefdes.

Van Staden en sy vrou is al 47 jaar gelukkig getroud ná hy haar op 'n familielid se troue ontmoet het. Die egpaar het 'n seun, Morné, en dogter, Bea, en

vier kleinkinders.

Wanneer hy nie aan die skryf is nie, is Van Staden ook lief vir jag, die buitelewe of om tyd op die golfbaan deur te bring. Hy is ook besonder lief vir tuinmaak. "Ek ken nogal 'n boom en 'n blom as ek hom sien," terg hy. Jy sal hom ook heel dikwels agter die kospotte aantref.

Skarlaken is by plaaslike Spar-takke en uitgesoekte boekwinkels beskikbaar.

Come savour Slow Food & Wine fest

Wine and food lovers can head out onto the scenic Route 62 and explore history and wine experiences at the Robertson Wine Valley's 11th annual Slow Food & Wine Festival in partnership with WESGRO.

The festival will take place from 4 to 6 August at various wineries, with a Family Market on Sunday on the Klipdrift farm.

Festival goers can warm up before the fireplace with red wines and indulge their taste buds with country cuisine using local produce. They can also indulge in diverse food traditions, from vetkoek, curries and waterblommetjie soup to seafood paella, Chinese duck and ostrich and kudu inspired dishes.

This year's festival also offers a wide variety of tasting opportunities, from single vineyard and vertical tastings to brandy pairings, tutored Méthode Cap Classique master classes and food and wine pairings.

There will be time to explore



The Robertson Wine Valley's 11th annual Slow Food & Wine Festival will take place from 4 to 6 August.

wine farms with underground cellar tours, game drives, horse rides and boat cruises.

Festival goers will also be able to interact with winemakers and wine farmers in an informal setting, experience the intricate winemaking process and discover the story behind the bottle.

Traditional dishes will be paired with award winning vintages, and the family market taking place on Sunday is the perfect spot to meet local chefs and winemakers.

For more information on where to stay and ticket sales, visit www.robertsonslow.com.

Gedigtekompetisie

Poësie as Hartskos

Alle ongepubliseerde digters is welkom om in te skryf.

WEN R5000 in volwasse kategorie en 'n nuwe IPAD in skole kategorie

Sluitingsdatum: 10 Augustus.

Inligting op ons webtuiste www.poetryinmcgregor.co.za

Gedigte in Mc Gregor naweek 25 tot 27 Augustus



Geleentheid vir vroue

Plaaslike vroue kan uitsien na 'n Vrouedag-geleentheid op Saterdag 26 Augustus.

Die geleentheid, aangebied deur AG'S Events, vind by Wolfkloof buite Robertson plaas. Die

gasspreker is Tanya Stevenson. Kaartjies kos R150 en sluit 'n driegang-maaltyd in.

Daar sal ook gelukkige trekkings wees. Vir navrae, bel Annelda Grootboom by 076 677 5686.

Die Gazette se webwerf is by Netwerk24 ingeskakel.

NETWERK 24